

1. Mara en Elim

Die reis deur die woestyn het begin. Dit sou 'n 40 jaar lange skool van versoekings word om Israel sterk te maak en te louter vir hulle roeping om God se volk te wees wanneer hulle in Kanaän kom.

- God wou Israel as sy verbondsvolk oplei.
- Die woestynlewe van Israel het diep spore nagelaat in die gewyde geskiedenis en het ook 'n beeld geword van die lewe van die kerk op aarde wat deur die Here gelei word tot die heerlikheid van die Koninkryk van God.

Na drie dae het die eerste beproewing van die woestynreis reeds gekom. Daar was geen drinkwater nie.

- Die water wat daar was, kon hulle nie drink nie omdat dit bitter was. Daarom is die naam van die plek Mara (Hebreeus vir “bitter”).
- Hulle het teenoor Moses begin kla, maar die Here het uitredding gegee.
- Moses het op bevel van die Here 'n stuk hout in die water gegooi en die water het drinkbaar geword.

Van Mara af het Israel by Elim, 'n oase in die woestyn, aangekom waar daar twaalf waterfonteine en sewentig palmbome was.

2. Kwartels en manna

Nadat hulle 'n tyd lank by Elim gebly het, het hulle in die woestyn Sin aangekom.

- Hier het hulle voor die tweede beproewing te staan gekom. Hongersnood het in die kamp gedreig.
- Weer het die volk in opstand gekom teen Moses en Aäron wat hulle van die vleispotte van Egipte af weggelei het.
- Moses en Aäron het hulle laat verstaan dat hul murmuring eintlik teen die Here gerig is.
- God het ook hierdie keer op 'n wonderlike manier voorsiening gemaak.
 - 'n Groot swerm kwartels, bekende trekvoëls, wat vermoeid was en maklik met die hand gevang kon word, het voor sonder die aand in die kamp gekom.
 - En in die môre het daar klein wit korreltjies op die aarde gelê. In die verhaal word daar met betrekking tot die naam “manna” 'n woordspeling gemaak op die vraag van die Israeliete “man-hu?” wat beteken “wat is dit?”. Van hierdie manna kon hulle elke môre bymekaarmaak soveel as wat hulle vir die dag nodig gehad het.
 - **Op die sesde dag moes hulle egter dubbel soveel insamel met die oog op die Sabbat.** Hierin sien ons alreeds iets van die heiliging van die Sabbat, terwyl die Sabbatsgebod eers later as deel van die Tien Gebooe aan Israel gegee is.

Die Israeliete het 40 jaar lank tot met hulle intog in Kanaän van hierdie manna geëet. Ter gedagtenis aan hierdie wonderlike manier waarop die Here vir hulle kos gegee het in die woestyn, het die Here Moses en Aäron beveel om van die manna in 'n kruik te bewaar sodat dit later in die ark van die verbond geplaas kon word.

3. Refidim

Nadat Israel 'n week lank in die woestyn gebly het, het hulle by Refidim aangekom. Daar het vir hulle 'n dubbele beproewing gewag.

- **Massa en Meriba:** Eers was daar geen water nie.
 - Hulle het weer begin murmureer en weer het die Here sy weldade laat volg op hulle ondankbaarheid.

- Hy het vir Moses die rots by Horeb aangewys. Moses moes met sy kiere teen die rots slaan om water uit die rots te laat stroom.
- Tot beskaming van hulle ongeloof het Moses die plek Massa en Meriba genoem, dit is “die plek van beproewing en twis”.
- **Oorlog teen Amalek:** Die ander beproewing was ’n aanval deur die Amalekiete. Hierdie roofsgugtige volk het hulle in die agterhoede aangeval en die swakkes en vermooides verslaan (Deut. 25:7,18).
 - Die Amalekiete was ’n nomadevolk wat verwant was aan die Edomiete (Gen. 36:12), en wat die land suid van Kanaän bewoon het.
 - Omdat hulle bang was dat die Israeliete hulle in Amalekitiese gebied sou gaan vestig, het hulle die Israeliete op verraderlike wyse aangeval.
 - God het Moses later beveel dat selfs die gedagtenis aan Amalek uitgeroei moet word.

Dit gee ook aanleiding daartoe dat hierdie stryd by Refidim gesien kan word as ’n episode uit die stryd tussen Esau en Jakob.

- Moses het Josua, die seun van Nun, aangesê om met ’n keurbende die Amalekiete aan te val.
- Moses het Aäron en Hur saamgeneem en op ’n heuwel geklim van waar hy die geveg aanskou het.
- Solank Moses sy hande opgehou het, het Israel die oorwinning behaal, maar sodra hy sy hande laat sak het, was Amalek die sterkste.
- Daarom het Aäron en Hur Moses op ’n klip laat sit en hulle het sy hande ondersteun, sodat sy hande tot die aand toe asof in gedurige gebed na bo uitgestrek gebly het.

Hierdie stryd waarin Israel die volkome oorwinning behaal het, was van groot betekenis.

- Moses het opdrag gekry om in ’n boek te skryf dat God die gedagtenis van Amalek op die aarde heeltemal sou uitdelg.
- Moses het ook ’n altaar gebou en dit genoem “die Here gee my die oorwinning!”.

4. **Moses se skoonpa, Jetro, gee raad**

Nie lank hierna nie het Jetro (Moses se skoonvader) Moses kom besoek en Moses se vrou Sippora en sy twee seuns na hom toe gebring.

- Jetro was verheug oor wat God aan Israel gedoen het, en hy het brandoffers en ander diereoffers vir God gebring met die erkenning dat die Here God is.
- Jetro het aan Moses die raad gegee om bekwame manne onder die volk uit te soek wat die waarheid liefhet en nie hulle eie voordeel soek nie, om saam met hom oor die volk te regeer, anders sou die las vir Moses te swaar word.

Moses het hierdie wyse raad gevolg en bekwame manne aangestel as leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftien en oor tien.

- Hulle moes deurentyd vir die volk hofsittings hou, maar
- belangrike sake moes hulle na Moses verwys.

Daarna het Jetro na Midian teruggekeer.

5. Die Here sluit 'n verbond op Sinai

Eers is die volk voorberei vir die sluiting van die verbond. Ons lees daarvan in Eksodus 19-24:32. In die derde maand ná die uittoeg uit Egipte het die Israeliete in die woestyn van Sinai gekom.

- Hulle het gaan laer opslaan teenoor die berg Sinai. Hierdie berg was een van die toppe van die gebergtes van Horeb.
- **Hier sou Moses nou ten volle optree as die middelaar van die Ou Testament.**
- Die Here wou Hom deur 'n verbond aan Israel verbind sodat hulle sy eiendomsvolk kon wees, 'n koninklike volk wat regstreeks deur Hom geregeer word.
- Hulle sou ook 'n priesterlike volk – 'n heilige volk – wees.

Daarom, terwyl Israel nou in 'n nuwe betrekking tot die Here gestel sou word, moes hulle daarvoor voorberei word.

- Teen die derde dag moes hulle geheilig word, hulleself reinig en toesien dat niemand die berg aanraak nie, anders sou hy doodgemaak word.
- Die Here het op die môre van die derde dag sy teenwoordigheid geopenbaar in donderslae en weerligte en 'n donker wolk op die berg.
 - Daar was ook die sterk helder klank van 'n ramshoring.
 - God het in majesteit verskyn: Die berg was in vuur en rook gehul, en die hele berg het vreeslik gebewe.
- As gevolg van al hierdie tekens van God se majesteit het die volk beangs geword en Moses gevra dat die Here nie self met hulle moet praat nie, maar dat Moses liever met hulle moes praat.

Nadat Moses al die opdragte van die Here ontvang het, het die plegtige verbondsluiting plaasgevind.

- Moses het al die woorde van die verbond in die boek van die verbond geskrywe.
- Hy het ook 'n altaar aan die voet van die berg gebou waar die offers geoffer word.
- Die helfte van die bloed van die offers is rondom teen die altaar uitgegooi tot versoening van die sondes van die volk.
- Die boek van die verbond is voorgelees en die volk het dit eerbiedig aangeneem.

6. Die Tien Geboie word gegee

Moses het by die Here die twee plat klippe gekry met die getuienis daarop, dit is die plat klippe waarop God met sy vinger die **Tien Geboie** of **Sedewette** geskryf het. Behalwe die Tien Geboie het Moses ook die burgerlike of sosiale wette ontvang.

Israel het onder die regstreekse bestuur van God gestaan.

- Hoewel God Koning is oor die hele wêreld, was Hy vir Israel wat 'n koning vir die ander volke was.
- Hy was Israel se Wetgewer, Regter en Krygsman. So is Koning en God één in Israel. Dit staan bekend as die teokrasie.
- Daarom mag Israel nie 'n koning **soos dié van die ander volke** begeer nie, want dit sou beteken dat hulle God verwerp.
- **As Israel later konings kry, moes hulle teokratiese konings wees.**

NB: Die Here het sosiale wette en ook die seremoniële wette vir sy volk gegee.

- Hierdie wette het betrekking op die heilige persone, sake, plekke en tye.
 - Die **heilige persone** was die priesters en die Leviete.

- **Heilige sake** was die offers, die geloftes, die eersteling, die tiendes en die was van kanne en bekers.
- **Heilige plekke** was die tabernakel en later die tempel.
- **Heilige tye** was:
 - die Sabbatdag;
 - die Paasfees, wat herinner het aan Israel se verlossing uit Egipte;
 - die Pinksterfees of fees van die weke of fees van die oes, wat gevier is op die vyftigste dag na die Paasfees en waarop die eersteling van die oes aan die Here geheilig is;
 - die Huttefees, as herdenking van die omswerwing in die woestyn; en
 - die Groot Versoendag, waarop die hoëpriester met reukwerk een maal per jaar in die Allerheiligste van die tabernakel ingegaan het met die wierook om voor God te verskyn.

Hierdie wette, sê Hebreërs 10:1, is 'n skadubeeld van die weldade wat sou kom. Daarom is hulle in hulle Israelitiese vorm met die koms van Christus afgeskaf (kyk Heb. 10:1-18).

7. Ontrou van Israel teenoor die Here by Sinaï

God het geëis dat Israel sy geboorte onderhou. Wie eenmaal uit Egipte verlos is, word aan die Wet van Sinaï gebind om as verlore te word op die weg na Kanaän God te dien uit dankbaarheid.

- Israel het die verbond egter nie lank gehou nie. Moses het weer op die berg geklim en 40 dae en nagte daar gebly en niks geëet of gedrink nie.
- Die volk het ongeduldig geword. Hulle het nie geweet wat van Moses geword het nie en hulle het Aäron aangespoor om vir hulle 'n god te maak wat hulle kon lei.
- Aäron het toegee aan hulle versoek en met die versiersels wat die Israeliete vir hom gegee het, het hy 'n bulkalf gemaak.
- Hulle het 'n altaar gebou, offers gebring en wellustig fees gevier. **Dit was sonde teen die tweede gebod.**

Voordat Moses van die berg afgeklim het, het die Here hom vertel wat die volk gedoen het.

- Die Here wou hulle weens hulle troubreuk vernietig, maar op Moses se gebed het die Here hulle gespaar.
- Daarop het Moses van die berg afgeklim,
 - en toe hy self sien wat die volk doen, het hy die plat klippe waarop die Wet geskryf was, stukkend gegooi.
 - Hy het die goue bulkalf fyngehaal, dit op die water gestrooi en die volk die water laat drink.
- Die Leviëte het hulle ywer vir die Here getoon en drieduisend Israeliete doodgeslaan.

8. Vernuwings van die verbond

Daarna het Moses weer na die Here toe opgeklim om Hom met die volk te versoen.

- Moses wou self vir die sonde van die volk boet, maar die Here het dit geweier.
- Nadat Moses aanhoudend daarom gebid het, het die Here beloof om tog saam met die volk verder te trek.
- Daarop het die Here weer sy verbond vernu en Hy het dieselfde woorde van die Wet weer op twee kliptafels geskryf.
- Toe Moses van die berg afklim, het die glans van God se heerlikheid so uit sy gesig gestraal dat hy 'n doek oor sy gesig getrek het wanneer hy die volk toespreek.